CERES
TRANSPORT RIDERS MUSEUM
TOGRYERS MUSEUM

NUUSBRIEF

No 1 van 2022

VRIENDE VERENIGING VAN
CERES
TOGRYERS MUSEUM

Die finansiële jaar van die Museum is bykans op 'n einde en kan ons met reg sê dat ons kan terugkyk op heelwat "memories" Beide die Museum en Vriende van die Museum was bedrywig en wil ons graag 'n kort oorsig gee oor van die mees belangrikste programme/ aktiwiteite van die afgelope ses maande sedert die laaste nuusbrief uitgegee is.

"Time flies, but not memories."

PROJEKTE 2022

- Karoopoort
- Klara Majola (fase 2)
- 3D Virtuele uitstalling

BOERSEEPP ROJEK

Die Museum het befondsing ontvang om WAPD (Witzenberg Association for People with Disability) by te staan en 'n boerseep projek van stapel te stuur. Die doel is om WAPD te help om 'n volhoubare inkomste te bewerkstellig en in die proses die kliente van WAPD betrokke te kry met die maak en verpakking van die produk. Worcester Museum, wat bekend is vir hul boerseep, het die afgelope maande vrywilligers van WAPD gehelp met die tegniek van Boerseep maak. Die amptelike bekendstelling van die projek het op 7 Desember plaasgevind. Kyk gerus uit vir die produk wat by die Toerisme kantoor en Museum asook in Bella Vista te koop gaan wees.

KLARA MAJOLA (FASE 1)

Op Saterdag, 2 Oktober 2021, het die Togryers Museum die 1ste fase van die Klara Majola gedenkarea onthul voor die John Steyn biblioteek. Die verhaal van Klara Majola, is 'n verhaal van dapperheid en is gebaseer op die ware verhaal van 'n jong meisie se soektog na haar blinde pa. Met hierdie gedenkteken herdenk die Togryers Museum nie net die nalatenskap van sulke dapperheid nie, maar beoog ook om die vergete erfenis van die Ceres-gebied te bewaar vir toekomstige geslagte om te waardeer. Hierdie gedenkteken skep 'n betekenisvolle ruimte waar die gemeenskap en besoekers die verlore tasbare skakel na die verlede kan vind. Die gedenksteen sal in twee fases voltooi word. Klara, het as 8 jarige kind die beginsels van onbaatsugtige liefde en verantwoordelikheid openbaar.

OU STARLINE ROETE KRY WEER NUWE LEWE

Met ses perde voor n vierwielperdewa, het 'n viermanskap, Piet Coetzer, Shattie van Huyssteen, Hannes van Wyk en Gerhard Bosch, die tog van 25 dae oor 706 km aangepak. Hul het die grootste deel van die Gibson- broers se perdekoetsroete tydens die diamantstormloop, na gery. Op 4 November het hul die tog geeindig op Karoopoort. Die Togryers Museum saam met Ceres Tourism Bureau het Piet Coetzer en sy span gaan ontvang by Karoopoort. Die Museum het, as deel van n simboliese gebaar, 'n swingel oorhandig met n spesiale plaatjie daarop. In ruil het die Museum ' n perdeskoen ontvang wat op die tog vervang is. Die Toerisme kantoor het geskenksakkies oorhandig. Daar is snoek en patat voorgesit deur die Vlaamperde Vereniging. Wat n wonderlike ondervinding was dit nie vir almal wat op die roete saamgery het en die span hartlik ontvang het by elke dorp en oornagplek. Ons is deur ‘n verslaggewer gevra wat die waarde van so simboliese rit is en vir die Museum lê die waarde daarin dat so ekspedisie die geskiedenis lewendig maak en “ nuwe lewe” blaas in iets soos ‘n ou roete wat met verloop van tyd net staties geword het en bloot ‘n historiese feit. Die wys ook weer dat “ herdenkings” belangrik is en as jy kyk hoeveel belangstelling dit deurgaans op die roete geprikkel het, wys dit ook dat mense graag iets wil beleef en herleef van die nostalgie van weleer.

OPWINDENDE NUUS !!

Die Museum is opgewonde oor die nuwe 3D Virtuele uitstalling wat beplan word vir Maart 2022. Paardekraal-Oos befonds ‘n splinternuwe uitstalling vir die museum. Hierdie uitstalling Die Ontwikkeling van Ceres Nou en Toe, behels 22 virtuele besoekpunte met fotos, videos en teks wat historiese ontwikkeling van Ceres weergee. Die uitstalling word geopen in Maart 2022.

REGISTRASIE PROSESSE VAN DIE VRIENDE


Certificate issued by the Commissioner of Companies & Intellectual Property Commission on Friday, November 26, 2021 at 9:06

COR14.3: Registration Certificate

Companies and Intellectual Property Commission

ENTERPRISE INFORMATION

Registration Number	2021 / 117744 / 08
Enterprise Name	FRIENDS OF TRANSPORTRIDERS MUSEUM
Registration Date	26/11/2021
Business Start Date	26/11/2021
Enterprise Type	Non Profit Company
Enterprise Status	In Business
Financial Year End	March

	POSTAL ADDRESS	ADDRESS OF REGISTERED OFFICE
Addresses	8 ORANJE STREET CERES CERES WESTERN CAPE 6836	8 ORANJE STREET CERES CERES WESTERN CAPE 6836

ACTIVE MEMBERS / DIRECTORS

Surname and First Names	Type	ID Number / Date of Birth	Appointment Date	Addresses
LE ROUX, ANGELIQUE	Director	[illegible]	25/11/2021	[illegible]
DE VILLIERS, MARTHINUS	Director	[illegible]	25/11/2021	Postal: 21 PHILLIP STREET, CERES, CERES, WESTERN CAPE, 6835 Residential: 21 PHILLIP STREET, CERES, CERES, WESTERN CAPE, 6835
LAUBSCHER, BERTDENE	Director	[illegible]	25/11/2021	[illegible]

Page 1 of 1

Physical Address: the dti Campus - Block F, 77 Meintjies Street, Sunnyside 0001
Postal Address: Companies, P O Box 429, Pretoria, 0001
Docex: 256
Web: www.cipc.co.za
Contact Centre: 086 100 2472 (CIPC)
Contact Centre (International): +27 12 394 9573

Die Vriende is suksesvol geregistreer by Erfenis-Weskaap as Konserveringsliggaam vir Ceres en groter area. Die Vriende het 'n amptelike mandaat om op te tree in die bewaringsbelange van ons omgewing.

Baie dankie aan Angelique le Roux wat die Vriende geregistreer het as NPO asook by SARS. Ons het nou amptelike Nie-Winsgewende status en kan die Museum nou bystaan met die aansoek vir befondsing, veral by Maatskappye wat nie staatsinstansies wil befonds nie.

Die Vriende se Algemene Jaarvergadering het bietjie laat in die jaar plaasgevind op 14 Oktober. Tydens die geleentheid is daar terug gesit en met popcorn in die hand gekyk na beeld materiaal uit die veertiger, vyftiger en sestiger jare van Ceres. Daar was 17 betaalde lede teenwoordig. Die Voorsitter het weereens elkeen bedank vir sy en haar bywoning van die funksies en uitstappies en so help om so Ceres se kultuurgeskiedenis lewendig te hou

Twaalf lede het op Sondag, 29 Augustus, heerlik rondgery in Ceres en die Dennebos, Lover's Bridge, Van Breda Brug, Krigestraat se vergete geskiedenis afgestof. Daar is feite uitgeruil, herinneringe opgeroep en lekker saam gesels.

MOENIE 2022 SE OPWINDENDE PROGRAM MISLOOP NIE

- *Uitstappie na Kromfontein*
- *Historiese toer deur Prince Alfred's Hamlet*
- *Uitstappie na plase in die Vlei, buite Prince Alfred's Hamlet*
- *Algemene Jaarvergadering: Spreker Andrew Kok*
- *"Sewe passe na Ceres"*
- *Informele uitstappie: Ceres ou begrafplaas (Vrydagmiddag)*
- *Besoek Oude Drosdy, Tulbagh (Erfenismaand)*
- *Camino stappers*

BESTUURSLEDE

Voorsitter: Marthinus de Villiers

Ondervoorsitter: Archie van Biljon

Sekretaresse: Helena McDonald

Addisionele lede: Bertdene Laubscher en Maddy Ross

Vakante posisie van addisionele komiteelid tans – Indien jy deel wil raak van ons span, kontak ons gerus. !!!

Ons wens Martie Dippenaar, wat die komitee verlaat het, voorspoed toe met haar belangrike taak by die Ceres Lions Primêr



ONTHOU DAT DIT VIR ONS BAIE BELANGRIK IS DAT JY 'N INGESKREWE VRIEND VAN DIE MUSEUM IS.

Indien jy nog nie jou ledegeld betaal het nie, herinner ons jou net daaraan. Fakture is reeds geruime tyd terug uitgestuur.

TOETS JOU KENNIS

Kan jy raai waar die winkel geleë was in Prince Alfreds's Hamlet tot en met die 1960's ?

(Onthou ons uitstappie na PA Hamlet en kry dan die antwoord)